# DIE STELSEL VAN OPE KREDIET IN ONS HANDEL.

In 'n vorige artikel het ons net in die verbygaan gerefereer na die groot gevaar wat vir die handel van Suid-Afrika en langs daardie weg vir die volk van Suid-Afrika, skuil in die stelsel van ope krediet wat hom algaandeweg in ons handelswese ingeburger het sodat dit nou in ons land die stelsel is wat algemeen erken en gehandhaaf word.

Waar ons by daardie geleentheid die stelsel 'n positiewe gevaar genoem het, daar is dit tans ons doel om in die kort bestek van hierdie artikel die ingenome standpunt daarteenoor nader toe te lig.

Vooraf voel ons dat dit nodig is om presies duidelik te maak wat onder hierdie stelsel van kredietverlening en kredietbeheer verstaan word. Soos ons by ervaring weet is dit hier gebruiklik om veral in die kleinhandel 'n groot hoeveelheid besigheid te doen en goedere te koop en op rekening te laat plaas sonder definitiewe ooreenkoms tussen koper en verkoper ten aansien van die tyd wanneer die rekening vereffen moet word en sonder dat die bedrag deur enige spesifieke sekuriteit gedek is. Die verstandhouding tussen koper en verkoper, hoewel nie juis altyd spesiaal so ooreengekom nie, is: „Betaal maar wanneer dit vir jou gerieflik is," en die basis waarop die kredietverlening geskied, is die finansiële en maatskaplike stand van die koper. Die bedrag waarvoor gekoop word, word in die eerste instansie gladnie gedek deur verhandelbare papier en daar word ook nie vermeld hoe die bedrag ten opsigte van sekuriteit gedek moet word nie. In albei hierdie belangrike opsigte van kontrak is die transaksie heeltemal ope en ongedek deur spesifieke ooreenkoms.

Nou is dit verder 'n sielkundige feit dat algemeen erken word dat die 10de Gebod van die Mosaïese Wet, nl. „Jy mag nie begeer nie", gladnie oorbodig is nie. By almal is dit in mindere of meerdere mate 'n swak. Die enigste stremmingsfaktor wat daardie menslike neiging aan bande kan lê, is die bepaling of die begeerder kan bekostig wat hy begeer. Dit spreek dus vanself dat hoe makliker dit gemaak of altans voorgestel word om daardie enigste hinderpaal te oorkom, hoe groter die behoeftes word, en hulle is op hulle beurt ook weer van nature so dat die een die ander nie alleen roep nie, maar daarby nog aanvul ook. So werk die ope-kredietstelsel positief kooplus in die hand en moedig dit mense aan om meer spandabel te lewe as wat hulle sou gedoen het as dit minder maklik

was om aan die begeertes van die hart en die behoeftes — meermaal vermeend — van die liggaam te voldoen.

Dit op sigself is al 'n baie groot nadeel veral as ons op hierdie stadium onthou wat ons in die vorige uitgaaf aangetoon het, dat die leweransiers in baie gevalle so uiters onsimpatiek staan teenoor diegene aan wie dit hul werk is om te lewer. Hoewel wat ons hierbo probeer skets het, positief 'n groot nadeel is, is dit by verre na nog nie die enigste nadeel wat ons in ons volkslewe ondervind as gevolg van die opkredietstelsel nie; want dit is maar net die sleutel wat gebruik word om 'n ander groot slot waaragter die kosbaarhede van ons volksbestaan bewaar behoort te word, oop te sluit. Die grootste nadeel wat die stelsel met hom meebring is dat hy hom pragtig daarvoor leen om

## VALSE TOESTANDE

en skewe verhoudinge te skep, op minstens drie uiters belangrike terreine van ons volkslewe,

(a) op maatskaplike,
(b) politieke en
(c) ekonomiese gebied.

Hoe dit gebeur sal ons kortliks probeer aantoon hoewel die leser sal verstaan hoe uiters moeilik dit is om dit te doen in so 'n kort bestek.

MAATSKAPLIK is dit baie maklik om te verstaan hoe die euwel meewerk om heeltemal 'n valse toestand in die lewe te roep. Persone wat nie eintlik veel behoort te beteken in die samelewing nie, kom langs die weë wat ons tevore aangewys het, in besit van middele wat diep deurdring in die maatskappy. Hulle kry op die manier 'n houvas op die kinders van Suid-Afrika wat baie hoër behoort te staan as hulle. Rykdom bring altyd invloed met hom mee. Die invloed word aangewend om toestande te skep wat pas in die kraam van daardie element en wat hulle daarvoor leen om die maatskaplike peil te bring waar hulle dit graag wil sien. Neem maar 'n reis deur ons liewe ou Vaderland en hou die oë wyd oop en dit kan nie anders nie of die oplettende reisiger word daardeur getref hoe skeef die verhoudinge op hierdie gebied alreeds is.

Oral tref jy aan manne en vroue, afstammelinge van die allerbeste families uit die oorspronklike volksplanting, wat vandag in dit maatskappy plekke inneem wat hulle heeltemal onwaardig is.

Hoeveel seuns van die ou vaders werk alreeds oral op die paaie en onderstandswerke ten spyte van die feit dat hulle voorouers mense was van groot aansien in die lewe? Dit is natuurlik altyd moontlik vir die onsimpatieke beoordelaar om te argumenteer dat dit hulle eie slegtigheid is dat hulle staan waar hulle staan. Maar, leser, is dit altyd wel die waarheid? Stel maar 'n bietjie ondersoek in vir uself en u sal positief verbaas wees om te sien hoeveel van daardie mense van hulle troon gestoot is deur die verleiding wat moontlik gemaak is deur die verkeerde gebruik van krediet, wat nie moontlik sou gewees het as die krediet nie so maklik bekombaar was nie. Baie van die sogenoemde handelslui is persone wat maar in die kringe waarin hulle gebore is maatskaplik buitengewoon min het om van te praat en mee te spog; maar omdat hulle daarin geslaag het om rykdom te verwerf, het hulle ook aansien in die maatskaplike en word dus sosiaal sommer baie sporte op die leer opgedra.

So selfs, dat dit opvallend is as ons sien wie almal burgemeesters word, nie alleen in die groot stede nie maar ook op plattelandsdorpe. Dit gebeur maar al te dikwels dat in byna uitsluitlik Engels- of Afrikaanssprekende stede en dorpe persone van uitheemse herkoms verhef word tot die posisie van eerste burger. Die eintlike aristokrasie van die gemeenskap word dan op sosiale gebied ondergeskik gemaak aan persone wat tog nie juis hoër staan as so 'n burgemeester se ondersate nie.

Dit is by verre na nie die enigste manier waarop daar valse toestande op sosiale gebied geskep word ter wille van oorsake wat op een of ander manier ontstaan uit die misbruik van krediet onder die stelsel wat hier in ons land in swang is nie. Mense word daardeur in staat gestel om hoër te lewe as hulle inkomste regverdig.

Versigtige persone wat nie meegevoer word deur die verleiding om misbruik te maak van krediet maar wat graag binne die perke van hulle inkomste wil lewe, word op sosiale gebied geminag omdat hulle nie meedoen aan al die sosiale grootdoenery nie. Dit berus tog beslis op 'n skewe opvatting, want die versigtige persoon wat net gaan so ver as sy middele hom toelaat, behoort tog baie meer aansien te geniet as die ander een wat hoër vlie as sy vlerke lank is en maar altyd net koop op uitstel en die betaaldag gedurig probeer uitstel so lank as hy maar kan. In die reël vind ons vandag dat iemand wat op een of ander manier in staat is om krediet aan die kopende publiek te gee, baie vinnig vorder op die sosiale leer. Hy is sommer baie gou die grootste ,,Piet'' en kan as gevolg van die middele tot sy beskikking al spoedig beweeg en soms nogal met

gesag praat in kringe waar hy andersins nouliks toegelaat sou gewees het.

Op POLITIEKE gebied word nog makliker 'n heeltemal valse en ongesonde toestand geskep deur die misbruik van die ope-krediet-stelsel. In baie gevalle gaan dit so. Die winkelier of prokureur wat maar altyd gewillig is " om 'n bietjie op te skrywe " word langsamerhand die beste vriend van 'n groot deel van die publiek. Hy burger hom so goed in, dat hy langsamerhand ook die raadgewer word, wat altyd baie goeie raad en voorligting kan gee in sake van politieke aard. Hy weet watter die beste politieke party is om aan te behoort. Hy weet watter van die kandidate in enige eleksie die beste en betroubaarste is om voor te stem. Op die vriende van hom wat hy nie juis vas in sy kloue het nie, het hy tog minstens invloed, en sy hele krag word ingespan om die invloed te gebruik om sy eie aspirasies te bevorder. Die aspirasies mag nie juis altyd strook met die tradisies van die volk nie, maar wat kom dit vir hom daarop aan. Nog erger word dit egter waar die kredietfasiliteite al so ver misbruik is dat die verlener daarvan die misbruiker heeltemal in die knel het. Is dit eers so ver ontwikkel, dan moet die klant maar net doen wat hom voorgesê word om te doen. Weier hy, dan moet hy betaal, en dit kan hy nie doen nie; daarom moet hy nou maar sorg om goeie vriende te bly met iemand wat hy wellig self in sy siel verag. Intimidasie van die slegste soort en die ergste graad. Persone wat anders nie die minste kans sou gehad het om gekies te word nie, kry 'n meerderheid wat almal verbaas laat staan. Die aldus verkose persone kry dan die ruimste geleentheid om te sorg dat hulle eie belange en die van hulle medebelanghebbers goed bevorder word, dikwels heeltemal in stryd met die ware belange van die land en volk. Hierdie handige wapen is nie net beskikbaar vir gebruik by algemene verkiesinge vir lede van die Parlement nie, maar is geldig, en word goed gebruik van gemaak ook in die kleiner verkiesinge van meer plaaslike aard, soos by voorbeeld munisipale, Skoolraad-, en Afdelingsraadeleksies. Is dit dan 'n wonder dat ons soms raadslede in funksie aantref in al hierdie liggame van wie ons maar nie kan verstaan hoe hulle vir daardie poste deur die publiek gekies kon word nie, omdat hulle uitkyk op belangrike sake tog werklik nie die is van die meerderheid van die kiesers nie en terwyl hulle lewens- en wêreldbeskouing hemelsbreed verskil van die meerderheid van die publiek wat hulle verteenwoordig? Nog baie nadeliger is die uitverkiesing van die opekredietstelsel op

EKONOMIESE gebied. Die verderflikheid van die kanker op hierdie gebied kan slegs die ware Afrikaner goed begryp wat die land beskou as 'n erfstuk van ons Vadere. Vir die uitlander wat 'n ander

,,Home " het en Suid-Afrika net beskou as 'n lemoen om uitgesuig te word, is dit nie van groot belang aan wie die land in sy wese behoort nie. Vir hom kom dit nie daarop aan deur wie die goedjies waarin hy spekuleer, geproduseer word nie. Solank daar maar genoeg van is vir hom om goedkoop te koop en duur te verkoop, kan hy sy ambisie tenvolle bevredig. Vir hom kom dit daar ook nie op aan of die ekonomiese hulpbronne van die land op die regte manier ontwikkel word en aangewend word om die toekoms van die staat te verseker nie. Solank daar maar genoeg goud en edelgesteente uit die grond gehaal kan word vir hom om homself te verryk, kom dit daar glad nie op aan of daar in die toekoms altyd goud en diamante sal wees nie. As die bronne uitgeput is, sal hy wel genoeg hê om na sy ,,home " terug te gaan en die vrugte van sy ,,arbeid " te geniet. Vir hom pas dit selfs nog beter om daardie hulpbronne so te sien gebruik dat sy ,,home "-toestande daar meeste baat by vind.

Maar vir die ware Afrikaner wat nie 'n ander tuiste het nie, is dit sake van die allergrootste belang. Hier wil ons baie duidelik laat verstaan dat ons al diegene, van watter nasionaliteit ook al, wat Suid-Afrika aangeneem het as hulle Vaderland in elke opsig insluit in ons benaming van ,,ware Afrikaner," of hy Afrikaner van geboorte is, of hy van Engelse, Duitse, Franse of watter afkoms ook al is. As hy hierdie land aanneem as sy vaderland, dan het hy direkte belang by die toekoms van die land en is dit sy plig teenoor sy nakomelinge om te help sorg en toe te sien dat die toekoms van ons land en volk verseker word.

Vir hom is dit van die grootste belang dat die eiendomsbesit van die grond in Suid-Afrika in hande bly van die Afrikanerseun en -dogter. As hy dan sien dat die een boereplaas na die ander die hele land deur eers verbind en verpand word aan iemand wat teenoor die volk en sy tradisies koud en onsimpatiek staan, en as hy dan verder nog sien dat die verpligtinge wat die verbandhouer oplê, die gevolg het dat die oorspronklike eienare die besit van die plase verloor wat oorgaan in die hande van daardie onsimpatieke element, dan krimp die patriot se hart ineen en dan voel hy bang vir die toekoms. Veral as dit by ondersoek blyk dat dit nie sou gebeur het as die versoeking wat gebied word deur die kredietstelsel, nie bestaan het nie.

Plattelandse leser, ons vra u, denk net aan u eie distrik, aan u eie Provinsie. Tel op hoeveel plase al as gevolg van daardie oorsaak, aan kinders wat hulle van hul vadere geërf het, ontval het. Kan so 'n stelsel dan reg en goed wees? Seker tog nie. As dit dan verkeerd is, moet ons dit so laat staan? Is dit dan nie u plig en ons plig om te ontwaak en te hervorm nie?

Maar leser, let verder op: Daar stroom vandag 'n bruisende stroom van voorspoed deur ons land. Vir verreweg die grootste gedeelte word die voorspoed te weeg gebring deur die buitengewone hoë prys wat goud behaal op die wêreldmark, en wie deel nou die grootste in daardie voorspoed? Is dit die seuns en dogters van Suid-Afrika? Of is dit nie juis daardie element wat deur die uitbuiting van die kredietstelsel die middele bymekaar gemaak het om te belê in die mynnywerheid nie? Bring bietjie 'n besoek aan Johannesburg waar al daardie rykdom uitgegrawe word. Dit tref dan meteens hoe bly die Afrikaner is om hom tog maar te verlustig in die krummels wat van die tafel val. Ons lees met angs dat die bevolking van Johannesburg sedert die laaste Sensus tot byna 'n kwart miljoen gestyg het, en ons vra onsself af: hoeveel van daardie kwartmiljoen is mense wat daarheen gedryf is deur skuld wat dit vir hulle onmoontlik gemaak het om langer op hulle plase te bly of hulle seuns daar te hou. Hulle het daarheen gegaan omdat hulle *werk* kon kry!

Is dit gesond om die gevestigde bevolking van die platteland so na die stede te sien verhuis om daar werk te gaan soek?

Ons voel oortuig dat 'n grondige ondersoek na die uitwerking op ons Volkslewe van die kredietstelsel lankal moes ingestel gewees het. en verder dat as so 'n ondersoek ingestel sal word, dit sal blyk dat daardie stelsel een van die vernaamste oorsake is van die groot arm-blankevraagstuk wat noual onoplosbaar lyk, en in die toekoms onder daardie stelsel sal aanhou om die volk van Suid-Afrika stelselmatig te vermoor.

Laat ons aandring op ondersoek en op hervorming, leser, dan doen ons iets om ons volk te red.

Laat ons ons tyd en kragte wy aan die studie van hierdie vraagstuk en 'n weg soek waarlangs krediet aan bande gelê en op 'n gesonde voet gebring kan word. Daar moet so 'n weg wees en ons sal hom kry as ons net reg te werk gaan.

J. A. JOOSTE.

Oos Londen.